



# RUACH BEDIENING NUUSBRIEF

FEBRUARIE 2021

Sarel en Gerda Reinecke

## *In hierdie Nuusbriëf*

1.	Gedagte vir die maand.....	1
2.	Gebedsterapie sessies.....	2
3.	Getuïenisse.....	2
4.	Sommer net 'n paar gedagte's.....	2
a.	Ek mis my Pa tot huilens toe.....	2
b.	Tussen Krugersdorp en Ventersdorp.....	4
c.	Die naakte waarheid.....	5
5.	Beplanning vir die volgende maande.....	6
6.	Woord in Aksie kampe – Pretoria.....	6

### 1. *Gedagte vir die maand*

**1 Johannes 2:8**

***Dat dit werklik so is, is te sien in Jesus en ook in julle,  
want die duisternis is aan die verbygaan en die ware lig skyn alreeds.***

My geliefde kind, wat Ek nou aan jou gee is vir 'n tyd wat kom. Stuur dit uit aan My kinders. Ek maak die sluise van die hemel oop. Groot en magtige wonders kom uit My hand. Ek is Yahwe. Wie is daar nog soos Ek? Ek stort My Gees uit oor die inwoners van die aarde. Ek stuur My engele, legioene van engele om My bruid op aarde te lei. Ek stuur tekens, wonders en wonderwerke van so aard, dat mense stom verslae sal staan. Die sosiale media sal daarvan oorloop. Ek slaan geen nasie oor nie. Ek besoek elke huis, dorp, nasie, taal en kultuur. Oral op aarde sal herlewing uitbreek. Dit sal die grootste siele oes van alle tye wees. Kyk! Kyk! Die lande is ryp, die oes is gereed om in te bring. Bid vir wysheid, sodat jy die volle oes sal inbring. Bid vir wysheid, sodat My Gees se volle werking in en deur jou sal plaasvind. Ek is.

Jakobus 2:1 My broers julle wat glo in ons Here Jesus Christus die Here, van die heerlijkheid, moet mense nie volgens hulle uiterlike beoordeel nie.

1 Petrus 1:8 Hom het julle lief, al het julle Hom nie gesien nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel is van julle geloof.

1 Konings 12:2 Jerobeam seun van Nebat het die berig gekry.

Herlewing! Herlewing lê voor die deur! Die aarde maak gereed vir die manifestasie van die seuns en die dogters van God! Ek is.

## 2. *Gebedsterapie sessies*



In **FEBRUARIE 2021** was daar **49** gebedsterapie sessies in **Centurion** gewees.  
In **FEBRUARIE 2021** was daar **4** gebedsterapie sessies per **Telefoon** gewees.  
In **FEBRUARIE 2021** was daar **11** gebedsterapie sessies per **Video Call** gewees.  
In **FEBRUARIE 2021** was daar **13** gebedsterapie sessies in **Delmas** gewees.  
In **FEBRUARIE 2021** was daar **13** gebedsterapie sessies in **Middelburg** gewees.  
In **FEBRUARIE 2021** was daar **8** gebedsterapie sessies in **Nylstroom** gewees.  
In **FEBRUARIE 2021** was daar **6** gebedsterapie sessies in **Fochville** gewees.

Totale gebedsterapie sessies vir **FEBRUARIE 2021** was **104**.

## 3. *Getuienisse*

### Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening:

**Getuienis 1:** Baie Dankie vir jou tyd en teenwoordigheid in ons lewens!

**Getuienis 2:** Dankie vir elke dag se inspirerende boodskappe op Facebook. Ek re-post gewoonlik of copy /paste en stuur aan na die mense wie die Here op my Hart plaas.



**Getuienis 3:** Ek laat jou net weet dat ek vanaf more nie meer op Facebook is nie. Baie dankie vir al jou geestelike Bybel geskrifte wat 'n mens laat besef dat daar net een Here en Koning in ons lewens is. Ek wens jou alle seen en sterkte toe vir die pad wat voorle. Nogmaals dankie vir jou bydra in my lewe.

**Getuienis 4:** Ek het al 3 GROOT deurbrake gehad deur tyd saam met die Here te spandeer en Bybelse beginsels toe te pas. Baie dankie Abba Vader en dankie vir Ruach bediening. Seen vir Oom en elke persoon in Oom se bediening!

**Getuienis 5:** Goeie more oom Sarel, skuus ek het op 'n manier oom se nommer verloor. Ek wil net se baie dankie vir al oom se gebede en bystand met die depressie wat ek gehad het. Ek is weer mens en voel wonderlik. Een ding wat ek geleer het is, sonder geloof help niks. Ek waardeer al oom se moeite.

## 4. *Sommer net 'n paar gedagte's*

### *a. Ek mis my Pa tot huilens toe*

Tydens my matriek eindeksamen het ek by Oom Boet en Ta Marie in die padkamp op Middelburg gaan bly. Oom Boet was 'n wonderlike, sagte mens, soos sy suster, my ouma Ellen. Hy het Brylcreme gebruik om sy gryns krulhare met swart strepe agteroor te kam. Die kam het hy by sy kous ingesteeek, sodat dit byderhand is wanneer die krulhare weerbarstig uit hul Brylcreme mould wou ontsnap.

Oom Boet sou maklik 'n hoofrol in 'n Amerikaanse fliëk kon losslaan, dalk 'n cowboyrol. Hy was 'n mooie man met 'n forse voorkoms, iets tussen Clark Gable en Charles Bronson. Hulle sou egter iemand anders vir 'n stem moes gebruik, want hy was net te skaam. Sy stem was sagte, gladde room wat uit 'n afskeier in my ouma se melkkan ingeloopt het.

Maar as hy agter sy instrumente ingeklim het, het oom Boet verander.

Hy kon trekklavier, konsertina, bas en akoestiese kitaar en banjo speel. Ek dink hy kon dromme ook speel, maar die saag het my die meeste gefassineer.

In die aande as die son sak, het ons op die stoepie van die padkamphuisie om die ennemeltafel gaan sit. Eddie of Koos, Oom Boet en Ta Marie se seuns, sou 'n bottel brandewyn en Coke op die tafel neergeplak het. Ek was grootmeneer met my dop en siegret wat Ta Marie en Oom Boet my toegelaat het.

En daar sou ons heelaand gesit het terwyl Oom Boet, Koos en Eddie vir ons musiek maak.

Oom Boet het sy oë toegeknyp as hy speel en sy lyf het soos 'n lint in die wind op die maat van die musiek gewaai. In sy mondhoek het hy altyd 'n sigaret vasgeknyp, wat hy kort-kort heen en weer met sy tong laat rol het. Die een kant van sy mond het soms intens opwaarts gepluk, veral as hy 'n moeilike noot uit sy instrument moes wring. Soms het hy asemgehaal om die rook van sy sigaret in te trek en terwyl hy onverstoord verder speel, het hy dit weer met sy tong by die ander hoek van sy mond uitgejaag.

Ta Marie het 'n vag hooigeel hare gehad. En sy was nogal mooi op haar manier. Sy het 'n harde gesig gehad, een wat vertel het dat die paaie nie altyd vriendelik met 'n mens was nie. Maar sy het 'n goeie lyf gehad waarmee sy gespog het deur stywe rokkies te dra wat net net bokant die knie gestop het, maar nog genoeg oopgelaat het om die padkampmanne twee keer te laat kyk.

Hulle kon maar kyk. Sy was lief vir Oom Boet, tot aan die einde van haar lewe. Hulle was soos twee verliefdes. Sy het altyd Oom Boet se arm vasgehou, partykeer selfs terwyl hy besig was om saag te speel. Dan het Oom Boet maar gelate 'n noot of wat gemis, asemgehaal, rook uitgeblaas en aan gespeel.

Ta Marie het soos 'n skoorsteen gerook. Die een siegret na die ander. Teen die einde van haar lewe het sy skaars kon asemhaal. Alles het gehyg, gesis en geborrel soos wat sy met die emfiseem moes sukkel. Sy is uiteindelik dood daaraan.

Aan die einde van my matriekeindeksamen is my pa ook dood. Hartaanval. Kettingroker. Hy was net 42 jaar oud. Oom Boet en Ta Marie het die nuus vir my op hulle padkamphuisie se stoepie gebreek. Dit het 'n einde gebring aan die wêreld soos ek toe daarna gekyk het. Ek onthou die skerp kombuismes wat op die ennemeltafel gelê het. Te midde van die seer wat skewebeek in my lyf kom sit het, het ek vir die eerste keer in my jong lewe gewonder hoe dit sou wees om self dood te gaan. Sou ek dit self kon regkry?

Ons het nie altyd 'n goeie kinderlewe gehad nie, maar daardie oomblik was meer as enigiets anders die seerste een van my lewe. Jare later toe ek die skok, ongeloof en skewebeekseer op my eie seun se gesig gesien het met die nuus dat ek en sy ma gaan skei, het ek besef hoe seer daardie dag regtig was.

Pa se dood was ongeleë. Dit was sowat drie dae voor my laaste matriekeksamenvraestel. Nee, ek was nie so bekommerd oor wanneer ek sou kon leer nie. Dit was Afrikaans waarvoor ek nooit 'n boek opgetel het nie. My grootste bekommernis was dat ek nie deel sou kon hê in die feesviering na die eksamen nie.

Pa is in Louis Trichardt begrawe. Dit het beteken dat ek my laaste vak die dag na sy begrafnis daar sou moes skryf. Hel, wat 'n antiklimaks. 'n Begrafnis en huilende mense op die dag dat ek my grootste fees moes hou.

Ek het 'n nippy brandewyn en 'n klompie los sigarette gaan koop. En êrens by 'n afgeleë swembad het ek die einde van matriek rookbeneweld en dronkverdrietig op my eie gevier. Daardie aand het die familie skeef opgekyk toe ek by die huis instap, maar niemand het iets gesê nie.

Toe Hendro, my seun, baie kleiner was, vra hy eendag vir my wat die ergste ding is wat 'n mens kan oorkom. Seker maar om dood te gaan, my seun, het ek geantwoord. Toe skud hy sy kop en sê, nee, dis die ander ergste ding in die lewe. Die heel ergste ding in die lewe is as jou pa en ma skei.

Dit was vir my 'n groot skok. Vir baie jare het ek gewens ek kon daai deel van my kinders se lewe verander. Maar daar was te veel sere wat gekeer het dat so iets kan gebeur.

Ek het egter in daardie tyd besluit om die ander ergste seer van die lewe te probeer uitstel. Ek het opgehou rook.

Ek onthou nog hoe ek in die eerste drie maande soos Ta Marie geklink het. My longe was 'n siedende, polsende, etterende sweer. Ek het liters slym uitgehoes.

Nie enige van die onttrekkingsimptome was vir my so erg soos daai gehoes nie. Ek onthou hoe ek een nag in trane was van die onophoudelike gehoes, toe kom lê Hendro langs my, klop my op die rug en sê, "Toemaar, Pappa, hou net uit, jy doen goed. Ek is trots op jou."

Dis nou tien jaar later. Ek doen steeds goed. Ek sal in my lewe nooit weer rook nie. Daai hel van ophou wil ek nie weer deurgaan nie. As beloning is ek nou al tien jaar ouer as wat my pa was toe hy dood is.

Maar ek mis tog die aande op oom Boet en Ta Marie se stoep tussen die rookwolke en die reuk van brandewyn en Coke wat loop op die heilige note uit oom Boet se konsertina. En ek mis my pa. 'n Spesiale vriendin wys gister vir my 'n foto waar sy met haar voete op haar pa se skoot onder 'n boom sit en koffie drink. My hart het gepyn van jaloesie. Die jirre weet, ek mis my pa tot huilens toe.

(Met erkenning Izak Du Plessis – Facebook -23/02/2021)

## b. *Tussen Krugersdorp en Ventersdorp*



Gister oppad terug van Pretoria, tussen Krugersdorp en Ventersdorp, kry ek die kar met die vrou en seun teen die pad. Toe ek omdraai en by hulle stop, kon mens die moedeloosheid op hulle gesigte sien.

Ek vra toe wat fout is, die seun se toe dat hulle is afgelê by die myn en hulle bly in die kar, hulle kry nêrens werk nie. Nou het die kar se cv joint ook nog gebreek.

Die vrou sê sy is so moeg die Vader moet haar maar kom haal.

Die volgende oomblik klim die pa (Pottie) uit die kar, begin vreeslik vloek. Ek kan sien

hy is op sy laaste.

Ek los hom (Pottie) om klaar te "rage". Ek vra hom (Pottie) toe ken jy vir Jesus? Toe vaar hy uit, "daar is nie 'n God nie, iemand het op n toilet gesit en die Bybel geskryf (my sinne hier is gesensor). Ek vra vir Jesus in my gedagtes dat ons die man se stories as getuienis vir God kan gebruik en 'n siel wen.

Ek vra toe vir hom (Pottie), as God vandag jou kar hier reg maak en vandag vir jou werk gee, of hy sal glo dat God bestaan. Hy (Pottie) sê hy sal Hom net vandag kans gee. Ek bid toe vir hulle, gee vir die vrou 'n Bybel, want die man (Pottie) het hare opgeskeur en weggegooi. Ek los my telefoon nommer by hulle, sodat hulle my kan laat weet van die wonderwerk.

19:15 gisteraand kry ek 'n Please call me. Ek bel terug en toe die man (Pottie) optel sê ek vir hom vertel my wat God vandag vir jou gedoen het.

Hy (Pottie) sê, dis die eerste keer dat iemand vir hom bid en iets gebeur. Hulle het probeer ry met die kar, ek het vir hulle 'n geldjie gegee om iets mee te koop. Die vrou het die vorige dag verjaar en het slegs 'n beskuitjie gehad om te eet. Om iets te kry om te eet. Toe breek die as middeldeur. Niemand help hulle nie. 'n Vrou kom stop by hulle met n sweismasjien, hulle weld die as op. Nog 'n man kom stop teen die pad by hulle en koop vir hulle R1 100-00 se kruidenier. Die man (Pottie) sê toe hy is 'n mechanic. Die persoon wat die kruidenier gekoop het sê, hy kort iemand wat 'n propshaft op 'n lorry kan sit. Die man (Pottie) sê hy kan dit doen en vra R650-00 daarvoor. Die man se hy sal Hom (Pottie) R2 000-00 vir die werk betaal.

Ek vra toe vir Pottie, dink jy nog steeds God bestaan nie. Pottie sê toe, Jaco Hy moet bestaan want hoe verklaar ek dit wat gebeur het.

My God leef, alle eer aan die Almagtige God die Vader, Jesus Christus Sy Seun en die Heilige Gees.

### c. *Die naakte waarheid*

Eendag het 'n onderwyseres op die swartbord geskryf:

$9 \times 1 = 7$   
 $9 \times 2 = 18$   
 $9 \times 3 = 27$   
 $9 \times 4 = 36$   
 $9 \times 5 = 45$   
 $9 \times 6 = 54$   
 $9 \times 7 = 63$   
 $9 \times 8 = 72$   
 $9 \times 9 = 81$   
 $9 \times 10 = 90$

Toe sy klaar is kyk sy na die studente wat haar uitlag want haar eerste stelling is foutief.

Hierop antwoord sy:

Ek het die eerste stelling met opset verkeerd geskryf omdat ek julle iets baie belangrik wil leer. Dis hoe die wêreld daar buite julle sal sien.

Julle sien dat ek die regte stelling NEGE keer korrek geskryf het maar nie een van julle het my daarvoor geprys nie.

JULLE het almal vir my gelag en gekritiseer omdat ek EEN fout gemaak het.

DIE LES HIERIN:

Die wêreld sal nooit die goeie wat jy doen waardeer nie.

MAAR die een ding wat jy verkeerd gedoen het, sal altyd gekritiseer en voor jou kop gegooi word.

Moet nie dat dit jou mismoedig maak nie. Styg uit bo hulle kritiek en gelag.

Moet nie opkyk na mense vir leiding nie, kyk op na die Here.

HY IS DIE WEG, DIE WAARHEID EN DIE LEWE.

NASKRIF:

Ons besef nie altyd hoe kort die lewe werklik is nie.

Ons sê maklik: Ek sal dit môre doen, maar môre kan dalk nooit kom nie.

As jy wil liefde gee, doen dit nou.

As jy wil dankie sê, nou is die regte tyd.

Daar is iemand wat smag na jou omgee, smee vir 'n opregte drukkie of kuiertjie.

Soms maak een WhatsApp of een oproep die verskil.

Is dit die rose OP die graf of 'n bossie rose NOU wat die grootste impak het?

Ons stel gedurig uit.....totdat die telefoon lui.....die persoon is nie meer daar nie.

SPYT KOM ALTYD TE LAAT!

## 5. *Bepanning vir die volgende maande*

### DELMAS



**MAANDAE** is ek in Delmas.

Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel** ☎ **072 400 6487**

MIDDELBURG	NYLSTROOM	FOCHVILLE
Ons bedien 1 x 'n maand in <b>Middelburg</b> , 'n Vrydag en Saterdag. <b>Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke</b> ☎ <b>084 429 7016</b>	<b>Die kontak persoon vir afspraak is:</b> <b>Tannie Nellie De La Porte</b> ☎ <b>079 581 0624</b>	<b>Die kontak persoon vir afspraak is:</b> <b>Petro Gerber</b> ☎ <b>076 577 6296</b>
5 & 6 Maart	25 Maart	18 Februarie
9 & 10 April	27 Mei	18 Maart
7 & 8 Mei	29 Julie	20 Mei
4 & 5 Junie	26 Augustus	22 Julie
9 & 10 Julie	23 September	19 Augustus
6 & 7 Augustus	4 November	16 September
3 & 4 September	7 Desember	14 Oktober
1 & 2 Oktober		25 November
29 & 30 November		
3 & 4 Desember		

## 6. *Woord in Aksie kampe – Pretoria*

Kyk op Facebook blad : **Woord in Aksie** vir vroue en manne kamp datums op [www.wia.org.za](http://www.wia.org.za).

**Kontak besonderhede:** Woord in Aksie ☎ 010 065 0881

*Bate seëninge vir julle almal  
Sarel & Gerda Reinecke*

*“Elkeen se lewe het 'n getuigenis om te gee”*